## Lees en kyk: 'n Koerantberig

**Lees die koerantberig en beantwoord daarna die vrae.**

# Die Comrades-koning en die veldloopkoningin

Sarel van der Walt

DURBAN – Bruce Fordyce (56), negemalige wenner van die Comrades-marathon van 89 kilometer tussen Pietermaritzburg en Durban, het gister die laaste stuk van dié marathon saam met nog 'n legende van Suid-Afrikaanse atletiek, Zola Budd (46) gehardloop.

Dit was Fordyce se 30ste en laaste Comrades en Budd se eerste. Budd het die wêreldkampioenskap vir **veldloop** (*cross country*) twee maal gewen, maar nog nooit die beroemde Comrades-marathon gehardloop nie.

"Noem my nou Comrade Zola," sê die moeë Zola. "Ek en Bruce het mekaar 30 km voor die einde gekry. Hy het met **krampe** (*cramps*) gesukkel en ek met **lae bloedsuiker** (*low bloodsugar*). Ons het besluit om mekaar tot by die einde te help. Dit was 'n ongelooflike ervaring om saam met hom te kon hardloop," het Budd gesê.

Dit was aangrypend toe dié grotes van Suid-Afrikaanse atletiek die eindstreep hand aan hand oorsteek. Hulle is luid toegejuig.

"Veral die laaste honderd meter sal ek altyd onthou. Dit was *magic* om dit saam met Bruce Fordyce te doen," sê Zola trots.




Bruce Fordyce, die Comrades-koning, soen Zola Budd, die kaalvoet wonderkind van Suid-Afrikaanse atletiek, nadat hulle gister saam-saam oor die Comrades-wenstreep is.

(Uit: *Beeld*, 3 Junie 2012)



Scanned with CamScanner

## Post-lees: Hoe goed verstaan jy die berig?

1. Lees die **titel** van die berig. Wie is die a) **"Comrades-koning"** en wie is die b) **"veldloopkoningin"**?
2. Hoeveel keer het Bruce die Comrades-marathon gewen?
3. Kies die **regte** antwoord tussen hakies (**antonieme**).
   Die 2012-wedloop was vir Bruce die a) (**eerste/laaste**) keer wat hy die Comrades gehardloop het. Vir Zola was dit haar b) (**eerste/laaste**) keer.
4. Skryf die getal en die afkorting voluit.
   Die Comrades-marathon is **89 km** lank. Bruce en Zola het die laaste **30 km** saam gehardloop.
5. Albei atlete het probleme gehad. Noem elkeen se probleem.



## Taal in konteks

**A) Verbeter die spelling van die woorde.**

Die 1. **moee** Zola Budd het 2. **gese**: "Dit was ongelooflik." Sy en Bruce Fordyce, die 3. **Suid Afrikaanse** koning van die Comrades het 4. **saam saam** by die wenstreep aangekom. Albei atlete is 5. **wereldberoemd**.




**B) Kies die regte vraagwoord tussen hakies om die vrae te vra.**

1. (**Wie/Wat**) is bekend as die "veldloopkoningin"? Zola Budd
2. (**Wie/Wat**) het Zola Budd en Bruce Fordyce saam gehardloop? Die Comrades-marathon
3. (**Hoeveel/Hoekom**) keer het Bruce die Comrades gewen? Nege keer.

**C) Skryf die sinne in die indirekte rede.**

1. Bruce sê: "Dit was moeilik, want ek het met krampe gesukkel."
2. Zola sê: "Ek het moeg geraak, want my bloedsuiker was laag."
3. Bruce sê: "Ek en Zola het mekaar tot aan die einde gehelp."
4. Zola sê: "Noudat ek ook die Comrades gehardloop het, kan julle my Comrade Zola noem."



Scanned with CamScanner